KOOPKONTRAK

Aangegaan deur en tussen:

(NAAM EN VAN)

'n Meerderjarige (on)getroude man/vrou, woonagtig te

.....straat nr..... , Dorp, Provinsie

(Hierna die "Verkoper" genoem)

en

(NAAM EN VAN)

'n Meerderjarige (on)getroude man/vrou, woonagtig te

.....straat nr..... , Dorp, Provinsie

(Hierna die "Koper" genoem)

1. KOOPKONTRAK

1.1 Die Verkoper verkoop aan die Koper 'n (jaarmodel), (maak van voertuig), registrasie nommer ..... (onderstelnommer .....). Hierna die "voertuig". Die koopprys is R.....

1.2 Alle belastings, fiskale heffings en lisensiegelde voortvloeiend uit hierdie koopkontrak moet deur die koper betaal word.

2. BETALING

2.1 Die koopprys is in kontant betaalbaar op die datum waarop die voertuig aan die koper gelewer word.

3. LEWERING EN EIENDOMSREG

3.1 Die voertuig moet op (DATUM) aan die koper gelewer word. Eiendomsreg op die voertuig gaan by lewering oor op die koper. Die Verkoper waarborg hiermee dat hy tans die eienaar van die voertuig is.

3.2 Die Verkoper moet tesame met lewering van die voertuig alle dokumente lewer op die koper om die Koper in staat te stel om die voertuig te registreer in sy/haar naam.

3.3 Die Verkoper onderneem vêrder om waar nodig sy/haar samewerking te verleen sodat die voertuig in die naam van die Koper registreer kan word.

4. RISIKO, WINS EN VERLIES

Die risiko dat die voertuig deur oormag of toeval beskadig of tot niet of verlore of gesteel mag word, gaan oor op die Koper by lewering daarvan aan die Koper.

5. GEBREKE

5.1 Die voertuig word “voetstoots” verkoop. Die Koper erken dat hy/sy die voertuig geïnspekteer het en dat daar geen patente gebreke in die voertuig is nie. Die Verkoper plaas op rekord dat daar geen patente of laterale gebreke in die voertuig is nie, waarvan hy bewus is nie.

5.2 Die Koper is verplig om op sy/haar eie koste ’n padwaardigheidsertifikaat vir die voertuig te bekom.

6. KONTRAKBREUK

As enige party kontrakbreuk pleeg, kan die ander party:

6.1 Spesifieke nakoming plus skadevergoeding eis; of

6.2 Die kontrak kanselleer, enige prestasie wat alreeds gelewer is terugvorder en skadevergoeding verhaal.

7. 7. Algemeen:

7.1 Hierdie ooreenkoms is die gehele ooreenkoms tussen die partye.

7.2 Geen wysiging, toevoeging of verandering van hierdie ooreenkoms sal enige krag en effek h nie, tensy dit op skrif gestel is en deur al die partye onderteken is nie.

7.3 Geen afstanddoening van enige van die voorwaardes en bepalings van hierdie ooreenkoms sal vir enige doel bindend wees nie tensy dit op skrif gestel is en deur al die partye onderteken is nie.

7.4 Versuim of uitstel in die uitoefening van enige reg sal nie geag word ’n afstanddoening daarvan te wees nie.

GETEKEN TE.....OP.....DAG VAN.....20.....

GETUIES:

1..... .....

(VERKOPER)

2..... .....

(KOPER)